



SAOU Noord-Kaap • Northern Cape

Posbus 110156 Hadisonpark 8306

053 832 2727

E-pos: saounk@saou.co.za

Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

17 Mei 2016

No: 13 van 2016

KOLLEGAS

1. KENNISBOU III

Die kantoor het talle navrae ontvang oor die feit dat hierdie bemagtiging in die skoolvakansie val. Hou asseblief in gedagte dat dit 'n 40 uur kursus is. Sou dit na skool aangebied word, beteken dit 14:00 – 20:00. As alternatiewe sou dit oor 'n langer tydperk versprei kon word, wat 'n beduidende koste-implikasie vir die aanbieders sal meebring. 'n Verdere probleem vir direk na skool gedurende die kwartaal, is dat onderwysers van buite die sentra waar dit aangebied word, dit moeilik sal kan bywoon.

Die aangeleentheid sal deur die HUB met POD opgeneem word, maar vir 2016 bly die datum en tyd soos dit aan u bekendgemaak is.

1.1 LET ASSEBLIEFDAAROP DAT DIE REGISTRASIEDATUM VIR HIERDIE OPWINDENDE GELEENTHEID VERSKUIF IS TOT 31 MAART 2016.

1.2 VERDERE TOELIGTING RAKENDE KENNISBOU III

1.2.1 Dit blyk onderwysers is bang dat hulle na die PRE-TOETS blootgestel kan word. Dis geensins die geval nie. Onthou die pre-toets word aanlyn gedoen en die kollektiewe uitslae daarvan, word gebruik om die inhoud van die opleiding te bepaal by die sentrum waar u registreer het.– **NIEMAND ANDERS SIEN U UITSLAG NIE!**

1.2.2 U kwalifiseer vir die broodnodige CPTD-punte!

2. REGTE VAN OPVOEDERS

Hierdie bemagtigingssessie vind nie in die vakansie plaas nie en daar is eweneens baie min belangstelling. Ek wil tog die vrymoedigheid neem om u aan te moedig om dit by te woon.

Die nasionale kantoor het groot koste aangegaan om hierdie diens in die vorm van bemagtiging aan ons lede te lewer. Verdermeer is die onderwerpe van bespreking uiters relevant en juis daardie elke-dag-klippies-in-die-skoen waarmee die kantoor op 'n gereelde basis te make kry.

Onderwerpe vir bespreking:

2.1 Ons kantoor kry toenemend navrae van lede wat deur lede van ander unies in die werkpek geboelie word...

2.2 Wangedrag met die fokus op

- **Finansies**

- Lyfstraf
- Ontgroening
- Seksuele oortredings
- Onprofessionele verhoudings
- Diskriminasie / Rassisme
- Sosiale media

2.3 Die SAOU regsvertegenwoordiger sal ook vrae beantwoord.

Hieronder is die besonderhede van waar die sessies aangebied sal word en die skakels daarop om te registreer – **DIE REGISTRASIEDATUM IS UITGESTEL TOT VRYDAG, 20 MEI 2016, OM 11:00.**

2.1 23 Mei 2016 De Aar L/S De Aar
<http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=260>

2.2 24 Mei 2016 Upington L/S Oranje-Noord
<http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=261>

2.3 25 Mei 2016 Springbok L/S Springbok
<http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=262>

2.4 26 Mei 2016 Kimberley H/S Adamantia
<http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=263>

2.5 Die koste van die bemagtigingssessie beloop R30 vir lede en R50 vir nie-lede.

2.6 BANKBESONDERHEDE VIR BETALINGS:

SAOUNK

ABSA (Takkode: 632005)

Tjekrekeningnommer: 4066927468

NB: Gebruik asseblief u naam en u skool (NIE DIE SKOOL WAAR DIT AANGEBIED WORD NIE!!) as verwysing op die betaling.

3. EKSAMEN

Die belangrike JUNIE EKSAMEN skop ook eersdaags in die hoërskole af en vroeg in Junie begin die laerskole skryf. Namens die SAOU Noord-Kaap wil ek vir elke lid baie sterkte toebid vir die reuse taak in voorbereiding, nasien en rekordering. 'n Wysgeer het onlangs gesê "*'n Onderwyser hou skool om te kan assesser, maar 'n goeie onderwyser assesser om te kan skoolhou...*" Dit laat mens nogal dink...

4. VAKATURELYS

Ek sal u op hoogte hou van ontvouende gebeure rondom die langverwagte verskyning van die vakaturelys vir 2016. Die NKOD het aangedui dat hy "gereed sal wees om die vakaturelys op 31 Mei 2016 na die skole toe te stuur".

5. PROTOKOL VIR NAVRAE

Alhoewel ons baie graag u navrae namens u hanteer en u baie graag wil help, is dit vir ons belangrik dat u die korrekte prosedures en protokol sal volg. U MOET asseblief enige navraag aan die Departement begin via u skoolhoof, of u skool se personeelbeampte na die

Distrikskantoor. Dis absoluut belangrik dat u rekord sal hou van die navraag, in terme van waaroor, wanneer en met wie u gepraat het.

Alhoewel dit nie onmoontlik is vir ons kantoor om direk en dadelik betrokke te raak nie, is dit belangrik vir 'n professionele en goeie werksverhouding tussen uself en die Werkgewer en natuurlik tussen die SAOU en u werkgewer, dat u die protokol sal volg.

6. INTENSIEWE VIR OPVOEDERS BY VER-AFGELEË SKOLE

Hierdie intensiewe het outomaties gestaak aan die einde van die vorige finansiële boekjaar, t.w. einde Februarie 2016. 'n Nuwe proses van onderhandeling tussen die NKOD en die vakbonde moet plaasvind alvorens die intensiewe weer ingestel sal word. Ek sal u d.m.v. Splinternuus op hoogte hou van ontvouende gebeure.

7. VERHOOGDE TOELAAG VIR GR. R-ONDERWYSERS

Die NKOD het by wyse van 'n omsendbrief te kenne gegee dat ten volle gekwalifiseerde Gr. R-onderwysers se maandelikse toelaes na R7000 verhoog sal word. Ongekwalfiseerde Gr. R-onderwysers se toelaes sal verhoog na R5500 per maand. Die belofte is dat dit reeds aan die einde van Mei 2016 op u salarisstrokies sal reflekteer – terugwerkend vanaf 1 April 2016.



SAOU Knowledge Builder 3
Wiskunde/Maths Gr 4 – 6
Natuurwetenskap/Natural Science Gr 7 – 9

**Hier is jou kans ...
Don't miss out ...**

Pretoria:	27/06/2016 – 01/07/2016
Durban & Dundee:	03 – 07/10/2016
Uppington & Kimberley:	27/06/2016 – 01/07/2016
Port Elizabeth:	11 – 15/07/2016
Bethlehem & Bloemfontein:	03 – 07/10/2016
Kuilsrivier & George:	27/06/2016 – 01/07/2016

[Vir meer informasie, kliek hier.](#)
[For more information, click here.](#)

Daar is
GEEN
hysbak
na **SUKSES**
nie
jy moet
die *trappe*
klim
EEN
vir
een



Henk Brand
Provinsiale Sekretaris



Tel: 053-8322 727
Fax: 053-8322 460
www.saou.co.za